

30 Augustus

Romeine 12:9-21 (12:21)

Oorwin die kwaad

As gelowiges kry ons bykans elke dag op alle lewensterreine met die kwaad te doen. Dit veroorsaak pyn en hartseer en tranes. Die vraag is: Hoe beveg 'n mens die kwaad? Die meeste van ons, oud of jonk, klein of groot se eerste reaksie is om kwaad met kwaad te beveg. Vloek iemand my, dan vloek ek terug. Slaan iemand my dan slaan ek terug. Wie dit doen betree die speelveld van die duiwel en word onverwyld 'n speelbal in sy hande. Dit blyk duidelik uit Paulus se brief aan die Romeine. Die oomblik as jy kwaad met kwaad vergeld is jy reeds vasgevang in die magsgreep van die kwaad. 'n Mens vernietig nie kwaad met kwaad nie; intendeel, jy verdubbel dit. Een vloekwoord word twee, een vuishou word twee. As jy kwaad met kwaad vergeld dan sneeubal dit. Wat staan die gelowige dan te doen in sy stryd teen die kwaad? Paulus skrywe "...oorwin die kwaad, oorwin deur die goeie". Dit is die enigste manier om die kwaad te bestry. Dit is hoe Jesus Christus, die Seun van God, die kwaad in die wêreld bestry en oorwin het. Aan die kruis het Hy haat met liefde oorwin; die leuen met die waarheid; skeld- en vloektaal met seën; vyandskap met vriendskap; bespotting met gebed. Langs hierdie weg het Hy die bron van alle kwaad, die Satan, oorwin, my en jou uit sy magsgreep gered en verlos. Hierin moet ons Hom navolg. Satan vrees net die mens wat die wapen van die goeie teen hom opneem. Self en in eie krag kan ons dit nie doen nie, maar ons weet dat ons "tot alles in staat is deur Christus wat ons krag gee".

Sing: Psalm 36:3

Ds. E J. Smit (Pretoria-Magalieskruin)